

Sondag 16 Julie

Skrifgedeelte: Handeling 16:6-15

Fokusgedeelte: Handeling 16:14; HK Sondag 25, Antwoord 65

Die Heilige Gees gee geloof deur die Woord

Paulus het van die Here 'n opdrag ontvang om na Masedonië te gaan. Daar het hy in die stad Filippi oorgebly. Op die sabbat het hy na 'n Joodse bidplek by 'n rivier gegaan waar 'n aantal vroue vergader het. Hy het daar die evangelie van Christus as Verlosser verkondig, en nie sonder resultaat nie. Die Here het Lidia se hart deur die Heilige Gees geopen sodat sy ontvanklik was vir die woorde van Paulus. Toe het sy tot bekering gekom en is saam met haar huisgesin gedoop. Hier het plaasgevind wat ons in die Kategismus bely (antw. 65). Die evangelie van Christus is dus die werktuig in die hand van die Heilige Gees om die mens se hart te bereik en geloof daarin te voorskyn te roep.

Dit spreek vanself dat God wat almagtig is, geloof direk en onmiddellik in 'n mens tot stand kan bring sonder gebruikmaking van sy Woord – soos die geval was met Paulus op die pad na Damaskus (Hand. 9:1-19). Nou moet ons nie hierdie belydenis van God se almag misbruik om die belangrikheid van die verkondiging van die Woord af te water of te minag nie. Daar is wel mense wat dit doen en dan sê dat God iemand op straat of in 'n kroeg sonder die verkondiging van die Woord tot geloof en bekering kan bring.

Dit gaan hier egter nie om wat God *kan* doen nie, maar om wat Hy *wil* doen en *wil hê* ons moet doen. Dit is God se uitgesproke en geopenbaarde wil dat Hy deur middel van die Woord wat verkondig word, die geloof in die harte van sy kinders wil werk. In die boek Handeling is daar talle voorbeelde daarvan. By elke stad of dorp waar Paulus op sy sendingreise gekom het, het hy eers na die sinagoges gegaan, omdat hy by die Jode se kennis van die Ou Testament aansluiting probeer vind het om Christus as Verlosser aan hulle te verkondig. Op dié wyse het verskeie Jode tot bekering gekom. As die Jode hom verwerp het, het hy egter na die heidene in daardie stad of dorp gegaan en die evangelie aan hulle verkondig. So het daar verskeie kerke tot stand gekom omdat die Heilige Gees mense se harte geopen het om Jesus Christus as Verlosser aan te neem (1 Pet. 1:23-25).

Hieruit is dit duidelik dat daar 'n baie nou band tussen die Heilige Gees en die Woord is. Dit word ook in die Skrif bevestig. So word verset teen die Woord in die Skrif ook as 'n verset teen die Heilige Gees beskou (Hand. 7:51). Bediening van die Woord word ook as bediening van die Gees gesien (2 Kor. 3:8). Dit was trouens ook die geval by Lidia (Hand. 16:14, 15).

In die lig hiervan moet ons ook ons roeping sien om die evangelie aan almal op elke moontlike wyse te verkondig.